

Lees: Johannes 20:1-10

Teks: Johannes 20:9,10

Tema: *Geloof in die getuienis van die opstanding!*

Geliefdes in Onse Here Jesus Christus

Hoeveel keer word mens gekonfronteer met skok, teleurstelling en dan soek jy 'n oplossing!

Baie van ons verlang na 'n groot sinjaal: Mens wil hom oorgooi dat die trein van jou gemoed op 'n ander spoor gaan.

Ons het nie altyd geduld met klein treetjies, happiegrootte nie.

Skok kom op baie maniere! In groot gebeure, in jou unieke ervaring, unieke nuus om te verwerk. In die dood van iemand naby jou of jou eie dood voorhande ...

Skok en teleurstelling kom ook in "kleiner teleurstellings" soos iemand wat jou beskinder, feite verdraai of jou nie ernstig opneem nie.

Hoe beleef mens dit?

Meesal is ons mense onhandig om dit te hanteer:

- Aan die een kant – moet ek konfronteer?
- Moet ek eerder moed inpraat?
- Kan ek op verantwoordelikheid reken en so iemand tot rekenskap roep?

Punt is: Niemand hou daarvan nie. Niemand hou werklik van hartseer en trane nie. Niemand het behae in konflik nie. Niemand wil alleen wees nie! Inteendeel. Jy wil van ontsteltenis bevry wees.

Dan gaan mense op 'n verkenningstog: Gaan soek hulp en raad, oor die grense!
MAAR

"warmest affections are not necessarily accompanied by the boldest resolutions"

Die oplossing nie daar ver nie – maar hier by jou! Moenie ver soekers word van 'n naby skat nie!

Kom ons tel die spoor op in die Evangelie van ons Here Jesus Christus soos vertolk deur die apostel Johannes.

Terug na hulleself toe

Dink jou vir 'n oomblik in in die skok en teleurstelling van die dissipels in die Paasgebeure. Watter ontsteltenis!

Hulle is verward – Daar is baie skok in een nag verby. Hulle is getraumatiseerd. Hulle dwaal in die gemoed. Eintlik moed verloor na die Vrydagnag se gebeure.

Hulle het gesien hulle meester is gehoon, ge gesel, belaglik gemaak. Hulle sien Hom sterf!

Hulle probeer enigsins afstand genereer, eenkant staan om te hanteer. Enigsins objektief wees in hulle hartseer en skok.

Hulle besluit om hulle eie belange weer te gaan opsoek. Begin maar weer by die bekende - terug Galilea toe, na hulle eie beroepe toe.

So poog hulle om die onbekende te verstaan in terme van die bekende – hulle tel die drade van 3 jaar tevore op en soek of daar uitkoms is

Met die besluit nog voorhande, kom die volgende skok: Die graf is leeg! Die ongelooflike het gebeur: Die vyand het nie alleen hulle Here en Meester vermoor nie, maar hulle eie behoefte aan versorging en ween, treur by graf van hulle beroof. Dit is wat hulle dink.

Vs 8 se “geloof” wat vermeld word, gaan oor die geloof in die getuienis van Maria, nie noodwendig geloof in die opstanding van Jesus nie!

Geloof is *nie sien nie*

Vs 9 is belangrik. Hulle het nog nie die Skrifte verstaan dat Hy moes opstaan uit die dood nie.

Op daardie oomblik word hulle gekonfronteer met wat ware geloof vereis

- Geloof is in dit wat jy nie sien nie - **Hebr 11:1** *Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.*
- Geloof word gebaseer slegs op 'n belofte, 'n verklaring, 'n preek, iets wat Jesus self gesê het of iets wat in die verloop van die Bybelse geskiedenis waar geword het
- Geloof groei in dit wat die Here doen en gedoen het in die ganse openbaringsgeskiedenis in die Bybel
- Geloof lê in dit wat ander kant jou waarneembare vermoëns lê:
Geloof is tog geloof! Geloof is juis iets wat mens nie as mens waarmaak of sien ontwikkel nie
Maar dan tog so dat geloof 'n werklikheid is!

Daarmee saam: Al is dit 'n nuwe werklikheid, nuwe krag – is dit nie daar ver anderkant die horison nie, maar hier by jou! Dit is getuienis wat jy nou hoor en wat nou bepalende invloed op jou het. In die gesprek met die Emmausgangers gaan Jesus dit direk verduidelik. (Luk 24) dat julle moes verklaar:

Het ons harte nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en die Skrif vir ons uitgelê het nie ...

Geloof is radikale vertroue in die beloftes van die Here

Geloof is vertroue in die beloftes wat die Here gee – dat dit waar is

Geloof is verder om meer te sien as wat jy sien

Geloof is om te glo dat dit wat jy hoor die waarheid is

Geloof is verder vertrouwe dat beloftes **vir my bedoel** is en waar is!

Dit word deurslaggewend vir jou lewe!

Aan die een kant is dit troosvol –

troos lê anderkant jou persoonlike verwagtinge en ervaring

Dit oor die dood van 'n geliefde!

Dat jy wat nie kon loop nie, weer kan loop; nie kon vat nie weer kan vat; sien, hoor

Geloof in en deur die opstanding van ons Here Jesus breek met gewone verwagtinge. Dit wys op die lang pad wat mens moet vat, onoplosbare seer wat mens eers deurleef, trane wat jou kussing deurweek.

Maar nou kom daar 'n boodskap deur:

Troos is nie noodwendig in die bekende nie

Troos is wel om anderkant die bekende prentjie die groter prentjie te sien

God die Heilige Gees voed hierdie geloof. Dit word 'n uitdaging aan jousef. Daar is nie iets soos 'n gemaksone waarin geloof nie nodig is nie. Jesus tree juis daar in!

Troos is ook in dit wat vir jou bekend is:

Troos en versterking is baie nader as wat mens dink!

Pastorale versorging van God se kinders is dikwels nie nuwe inligting wat mens deurgee nie, maar ou bekende genadestof waaraan mens herinner word. Dit kry vir jou nuwe betekenis. Daar gaan hier vir jou nou 'n gemoedsdeur oop!

Troos is om herinner te word aan ou beloftes wat jy dalk al vergeet het. Waarhede wat so bekend is, dat jy nie onthou om dit te onthou nie.

So in mens se verhoudings, in ervarings

So in beloftes! Dit kan mens oplees, vind, versterk en groei daarin.

Glo dit! Al lyk dit hoe onmoontlik vir jou! Glo dit en leef daarmee!

Dit stel 'n kragtige uitdaging aan jou in hierdie Paastyd. Wat maak jy met hierdie geloof wat jy dra?

Hoe gaan jy dit deurleef? Hoe gaan jy seker maak jy kom anderkant hierdie Paasfees uit met 'n volwasse krag in geloof en hoop wat deur jou spoel?

AMEN

Sb 1-1:1,7

Lied 409:1,2

Sb 1-2:1,2,3